

Voorlopige kernbevindinge van die meningsopname onder studente op die Universiteit van Stellenbosch oor taalbeleid en verwante onderwerpe

Lawrence Schlemmer
Oktober 2007

Opmerkings ter inleiding

Soos reeds in 'n vorderingsverslag aan prof. Tom Park op September 14 verduidelik, het sekere onvermydelike omstandighede die afhandeling van hierdie ondersoek vertraag. Hoewel die meerderheid van die response op die geslote vrae reeds getabelleer kon word moet die oop vrae met spontane antwoorde nog vir rekenaarontleding gekodeer en in die resultate ingelyf word.

Dit is egter moontlik om op hierdie stadium 'n baie kort ontleding van die resultate van 'n deursnit van 217 voltooide onderhoude te maak, wat hieronder volg. Die **resultate op die vrae wat hier ontleed word sal nie radikaal van die finale uitslag verskil nie** en dus gee die opsomming wat volg vroeë insigte wat vir doeleindes van besluite oor taalbeleid nuttig mag wees.

Kernbevindinge uit 217 voltooide onderhoude

Die onderhoude wat reeds ontleed kon word kan as 'n deeglike **deursnit** van studente se menings beskou word:

Getalle in die voorlopige ontleding volgens huistaal					
Afrikaans-sprekend	Engels-sprekend	Afrikaans en Engels	Xhosa-sprekend	Ander tale	VOORLOPIGE TOTAAL
n128	n47	n28	n4	n10	N217

Uit die onderhoude kom dit voor dat die meeste studente breedweg tevrede is met die huidige taalbeleid binne hul fakulteite of dat hulle dit aanvaarbaar vind:

Tevredenheid met of aanvaarbaarheid van die huidige taalbeleid:

- **Afrikaanssprekend:** 96%
- **Engelssprekend:** 81%
- **Xhosa-sprekend:** -
- **Ander tale:** 83%
- **TOTAAL:** 91%

Die ondersoek in sy geheel en die antwoorde op oop vrae wat tans ontleed word gee egter die indruk dat die studente se houdings nie slegs op die formele beleid binne fakulteite gebaseer is nie maar ook met verskeie ander faktore en persepsies verband hou. By die klein groepie Xhosa-sprekende respondente was daar politieke oorwegings. Ook is die meeste studente se persepsies van die taalbeleid as sodanig redelik vaag of deurmekaar. Die studente, soos tipies die geval is by meeste deelnemers in alle meningsopnames, toon min tekens dat hulle op hierdie stadium bewus geword het van subtiele wendinge wat met verloop van tyd die karakter van 'n instelling kan verander nie.

Die volgende tabel is gebaseer op 'n vraag wat slegs aan diegene gestel is wat aan die T Opsie blootgestel is.

Tabel 1. Word die tale gelykmatig in die T Opsie gebruik of word meer Afrikaans of meer Engels gebruik?						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Gelyk-50/50	21	13	29	-	-	19
Meer Afrikaans	39	60	39	50	67	44
Meer Engels	6	2	4	-		4
Soms een, soms ander	19	17	18	50	33	19
Ander	2	2	4	-	-	2
Nie blootgestel	13	6	7	-	-	11
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Die wil dus voorkom asof die studente-ervaring is dat die taalgebruikpatroon in die T opsie klasse na Afrikaans toe oorhel. Aangesien 'n meerderheid in die klasse Afrikaanssprekend is dit dalk 'n verstaanbare verskynsel. Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n beduidende groep onder Afrikaanssprekendes se reaksies op die T Opsie waarskynlik deur hierdie taalgebruikpatroon beïnvloed word. Indien die taalgebruik in die klasse nie in die siening van hierdie Afrikaanssprekendes hulle eie taal voorgetrek het nie sou hulle tevredenheid met die T opsie miskien afgeneem het.

Die volgende tabel handel oor die uitwerking van die T Opsie op akademiese prestasies.

Tabel 2. Het die T opsie akademiese prestasies positief, geensins of negatief geaffekteer?						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Positief	35	53	21	25	50	37
Geensins geaffekteer	43	32	46	50	-	40
Negatief	7	6	25	25	50	11
NVT	15	9	7	-	-	12
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Dit moet beklemtoon word dat die vraag geensins die pedagogiese waarde al dan nie van die T Opsie verken het nie – die vraag het slegs oorhoofse reaksies gepols. In tabel 2 sien ons dat, behalwe onder die sprekers van "ander" tale, slegs 'n minderheid voel dat hulle prestasies negatief deur die gebruik van twee tale in die klas beïnvloed word. Dit is merkwaardig dat oor die helfte van Engelssprekendes 'n positiewe

uitwerking gewaar ten spyte van die feit dat hulle oortuig is dat Afrikaans in die klasse voorgetrek word.

In tabel 3 hieronder word die algemene reaksies op die T Opsie gepols.

Tabel 3. Algemene ervaring van die T Opsie						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Waardevol	16	21	25	-	67	19
Werk goed	40	43	43	50	17	40
Irriterend	25	15	14	50	-	21
Baie frustrerend	5	11	7		17	7
Ander	2	2	4		-	2
NVT	13	9	7		-	11
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

'n Minderheid van die studente wat aan die opsie blootgestel is vind dit irriterend of frustrerend. Afgesien van die handjievul Xhosaspreekende en andertalige studente het die Engelssprekendes en deels Engelssprekendes die meeste waardering vir die T Opsie, weereens ten spyte van die feit dat die taalgebruik na hul mening vir Afrikaans voortrek.

Dit is egter die Afrikaanssprekendes wat die meeste irritasie ervaar met die herhaling van lesingmateriaal – nagenoeg 'n derde, en dus 'n beduidende persentasie onder die taalmeerderheid op die universiteit.

Wat sou die reaksie wees indien die T opsie met slegs Afrikaanse lesings vervang sou word? Ons sien dit in tabel 4:

Tabel 4. Reaksie indien T opsie met slegs Afrikaans vervang sou word						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Sal aanvaar	59	21	29	25	-	44
Sal jammer wees	20	34	43	25	67	28
Sal tot 'n ander univ. neig	4	30	14	25	33	12
Ander	3	6	7	25	-	5
N.V.T.	13	9	7	-	-	11
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Die reaksies op hierdie hipotetiese moontlikheid is nie fel nie. Oor die helfte van die Engelssprekendes sal dit of aanvaar of dit jammer vind maar sal nie geneig wees om US te verlaat nie. Wat miskien verbasend voorkom is dat tot 'n kwart van die Afrikaanssprekendes negatief op die moontlikheid reageer. Om verskeie redes geniet hierdie studente die blootstelling aan twee tale, miskien deels omdat dit makliker is om by te bly in die afskryf van klasnotas.

Die reaksies in tabel 5 op die ander moontlikheid, die van 'n vervanging van die T Opsie met slegs Engelse lesings is ewe interessant.

Tabel 5. Reaksie indien T Opsie met slegs Engels vervang word						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Sal aanvaar	18	68	43	50	67	34
Dit sal jammer wees	30	23	36	25	17	29
Onaanvaarbaar	44	2	18	25	17	31
Ander	1	2	-	-	-	1
Geen antwoord	7	4	4	-	-	6
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Weereens is die reaksies nie baie sterk nie, maar slegs 18% onder die Afrikaanssprekendes sal die skuif gewilliglik aanvaar. Die merkwaardigste egter, is dat 'n kwart en meer van die nie-Afrikaanssprekendes die verandering sal betreur. 'n Beduidende groep onder die nie-Afrikaanssprekendes wil dus blykbaar graag die inslag van Afrikaanse akademiese kultuur behou.

Dit is miskien een rede waarom die volgende resultate in tabel 6 verkry is. 'n **Beduidende meerderheid by alle taalgroepe reageer positief op 'n gebalanseerde of eweredige T Opsie benadering.**

Tabel 6. Algehele reaksie op eweredige taalgebruik in die T opsie						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Die beste oplossing	34	40	36	25	50	36
Aanvaarbare oplossing	48	55	50	50	50	50
Minder aanvaarbare oplossing	13	4	11	25	-	10
Heeltemal onaanvaarbaar	4	-	4	-	-	3
Ander	2	-	-	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Ons sien dieselfde konsensus in tabel 7. Oor die 70% onder alle groepe sal graag monitering wil sien wat die eweredigheid van taalgebruik in klaskamers sal verseker (indien sodanige monitering enigsins prakties sou wees).

Tabel 7. Behoeftte aan noukeurige en deurlopende monitering van T Opsie om eweredigheid te verseker						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Baie nodig	33	36	46	75	67	37
Redelik nodig	42	43	39	25	17	41
Taamlik onnodig	19	17	4	-	17	16
Geheel en al onnodig	6	4	4	-	-	5
Geen antwoord/ander	1	-	4	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Tot dusver is die algemene gees wat in die antwoorde weerspieël is versoeningsgesind. Verdere resultate gee egter 'n ander indruk, soos b.v. in tabel 8 .

Tabel 8. Tevredenheid met 'n taalbeleid INDIEN dit daartoe sou lei dat Afrikaans as voertaal op US uitgefaseer sou word						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Baie tevrede	1	13	11	25	33	6
Taamlik tevrede	2	23	11	25	-	8
Maak nie saak nie	8	19	25	-	-	12
Taamlik ontevrede	23	32	21	25	34	26
Baie ontevrede	65	13	29	25	33	47
Ander	1	-	4	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

In tabel 8 sien ons dat die hipotetiese moontlikheid dat Afrikaans uitgefaseer sou word nie net nege uit tien Afrikaanssprekendes sou bedreig nie maar ook ruim 40% onder ander taalgroepe. Daar is dus 'n beduidende siening onder nie-Afrikaanssprekendes dat die Afrikaanse karakter van die US behoue moet bly.

Tabel 9. en tabel 10 toon egter aan dat Afrikaans en Engelssprekendes tog 'n basiese voorkeur vir of toewyding het aan hul onderskeie tale:

Tabel 9. Die een taal wat die meeste as taal van onderrig verkies sou word						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Afrikaans	70	11	36	-	33	49
Engels	29	89	50	100	67	48
Xhosa	-	-	4	-	-	1
Ander taal	1	-	7	-	-	2
Ander antwoord	-	-	-	-	-	-
Geen antwoord	-	-	4	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

'n Beleid van parallelmedium instruksie word voorgehou as 'n benadering wat die eie taal binne 'n konteks van taalversoening kan beskerm. Die reaksies van studente hierop verskyn in tabel 10.

Tabel 10. Reaksie op parallelmedium op US: twee gelykwaardige aparte strome						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Sou verwelkom	40	55	57	75	83	48
Aanvaarbaar	27	32	21	-	-	26
Maak nie saak nie	11	6	7	-	17	9
In 'n mate onaanvaarbaar	16	4	11	25	-	12
Baie onaanvaarbaar	6	2	4	-	-	4
Ander	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

In tabel 10 is dit duidelik dat baie studente met verligting hierdie moontlikheid sal aangryp. Twee derdes of meer sal twee parallel strome goed vind.

Daar sal by hierdie voorlopige bevindinge volstaan moet word. Die finale verslag sal die inhoud van verdere gestruktureerde vrae en die spontane antwoorde op die oop vrae weergee, wat beduidende addisionele insigte sal kan toevoeg.

Een algemene indruk uit hierdie voorlopige bevindinge is dat Afrikaanssprekende studente gewillig is om kompromisse in taalbeleid te aanvaar, en hulle ervaar ook sekere voordele in die blootstelling aan Engels wat die T Opsie bied. Hierdie

"insiklikheid" of versoeningsgesindheid is egter in 'n groot mate te danke aan die feit dat die algemene ervaring is dat die taalbalans in die T Opsie na Afrikaans toe oorleun. Indien strenger monitering van die taalbalans toegepas sou word, wat alle taalgroepe onder die studente op hierdie stadium sou ondersteun, sal ten minste 'n deel van die Afrikaansprekende groep begin besef dat die T Opsie ook met opofferings gepaard gaan.

Dit is egter ook beduidend om kennis te neem dat nagenoeg 'n derde van die Afrikaanssprekendes en amper 'n derde van alle studente, irritasies of frustrasies met die herhaling van materiaal in die T Opsie ervaar. Kan so 'n beduidende proporsie met die vereistes van 'n kernbeleid versoen word?

Ander vrae wat nog ontleed sal word gaan waarskynlik ook daarop wys dat die studente nog die indruk het dat Afrikaans op die US 'n baie dominante posisie het. Die siening dat Afrikaans diep ingegrawe is skep waarskynlik vir die Afrikaanstaliges 'n gevoel van taalsekuriteit wat hulle as't ware bevry om op hierdie tydstip baie versoeningsgesind te wees.

Ander resultate wys daarop dat die oorgrote meerderheid onder Afrikaanssprekende studente, asook ongeveer 45% van Engelssprekendes, nie die huidige Afrikaanse karakter en taal-identiteit van die universiteit sal wil prysgee nie. Enige beleid wat enigsins 'n risiko van 'n verswakking van hierdie karakter inhou sal derhalwe met verloop van tyd 'n bron van konflik kan word. Daarom sou die beleid wat alle groepe in die opname ondersteun, naamlik parallelmedium, 'n veel veiliger beleid vir die langer duur wees. Anders gestel, die voorlopige opnamebevindinge, in die geheel gesien, gee belangrike aanduidings dat die huidige versoeningsgesindheid onder Afrikaanssprekende studente nie noodwendig 'n stabiele grondslag vir 'n taalbeleid kan wees nie.
